

Boodskap: Sondag 26 Mei 2019

Tema: Verbind...om lief te hê!

Skriflesing: Johannes 21:15-19

Waarom het jy in jou lewe jousef verbind? Miskien sal die jongmense my 'n bietjie beter verstaan as ek vra – waartoe het jy jousef ge"commit"? Waarvoor het jy gesê – "Hiervoor gee ek myself, my energie, my alles"? Om jousef tot 'n saak te verbind beteken dat jy alles in jou vermoë sal doen om seker te maak dat hierdie saak bevorder word. Ons sou moontlik 'n hele klompie dinge kon opnoem. Dalk is hier mense wat verbind is tot hulle werk, wat alles gee om die werk gedoen te kry. Mense wat verbind is tot hulle man of vrou – wat nie sal toelaat dat die ander een ongelukkig is nie. Hier is moontlik jongmense wat hulleself verbind het om in hulle sport te presteer – wat ure se oefening en harde werk insit om regtig goed te wees in wat hulle doen. Hier is moontlik jongmense wat alles insit in hulle skoolwerk – wat bv. besluit het om matriek met vlieënde vaandels te slaag. As jy 'n verbintenis gemaak het sit jy alles in om jou doel te bereik. Maar sou jy jousef vandag weer kon verbind om God lief te hê?

Die tema van vanoggend se erediens is:

VERBIND OM LIEF TE HÊ

1) 'n Verbintenis ... om God lief te hê!

Aan die een kant wens ek dat ek my daar in Petrus se skoene kon indink. Daar saam op die strand, saam met die opgestane Jesus. En Hy vra "*Johan, het jy my baie lief*" en ek wil uitroep "*Ja, Here U weet dat ek U baie lief het!*". Maar aan die anderkant is ek baie bly dat ek nie in Petrus se skoene staan nie, want ek weet waarom Petrus hom drie keer moes herverbind om die Seun van God lief te hê. Petrus was daar-naby Jesus die nag voor Jesus se kruisiging, en drie keer het hy, wat gesê het dat Hy Jesus nooit in die steek sou laat nie, ontken dat hy Hom ken. Petrus ontken in soveel woorde dat Hy Jesus lief het – drie keer. Jy ken die verhaal. Maar daardie dag daar op die strand kry Simon, die seun van Johannes, Petrus die rots waarop Jesus Sy kerk sou bou, die loënaar voor 'n diensmeisie, die kans om van vooraf hom te verbind om God lief te hê. Maar hierdie keer mag dit nie net leë woorde en bravade gewees het nie. Hierdie keer moes dit 'n verbintenis wees van sy hart. Petrus het gesien hoe Jesus vals

beskuldig word. Hy het gesien hoe Jesus geslaan en gespot is met 'n doring kroon op sy kop. Hy het gesien hoe die bloed die kruishout gevlek het en hy het onthou dat Jesus gesê het "...dit is my liggaam, dit is vir julle", "dit is my bloed, dit is vir julle". Petrus het gesien, toe hy uitasem die Sondagmôre by die leë graf opgedaag het, dat Jesus nie meer dood was nie. Jesus het vir Petrus gesterf. En dan vra Jesus vir hom "Simon, Seun van Johannes, het jy my baie lief?" Na drie keer breek Petrus se hart en hy antwoord: "Here U weet alles. U weet dat ek U liefhet." Drie keer verbind Petrus hom om die Seun van God lief te hê. Die Een wat alles weet en wat ook weet dat Petrus se liefde nie leë woorde is nie en nie vol bravade en hoogmoed is nie.

Liewe broer en suster, liewe jongman en meisie, is jy gereed om jou te verbind of te herverbind om God lief te hê? Is jy gereed om vandag te antwoord: "Here, ek weet dat U dwarsdeur my sien, U weet dat ek U baie lief het?" Jy sien, dit is nie so maklik nie. Iemand het eenkeer gesê, "Broers, die liefde vir God is 'n moeilike liefde. Dit vra totale selfoorgawe." Maar jy is bereid om jou energie, jou tyd, jou lewe te verbind aan baie ander goed, maar die een verbintenis wat jou enigste taak is, is jy bereid om halfhartig te doen. Jy is bereid om vir God te sê, "Ja Here!" en dan die minste moontlike energie in jou verhouding met Hom te belê. Liewe mens, het jy Jesus baie lief? Moenie dadelik antwoord nie, laat die vraag eers in die uithoeke van jou lewe weerklink. Ek kom weer later terug na hierdie vraag toe.

2) 'n Verbintenis bring verantwoordelikheid

CS Lewis het gesê "Handel asof jy God lief het. Moenie bly sit en gevoelens probeer vervaardig nie. Vra jouself: "As ek seker was dat ek God liefhet, wat sou ek gedoen het?" En wanneer jy hierop 'n antwoord gevind het, gaan doen dit dan." Gelowiges sit hulle lewens om in die kerk, terwyl hulle wag op een of ander gevoel of ervaring of bonatuurlike reaksie wat sal bewys dat hulle God liefhet. Ons moet ophou gevoelens probeer vervaardig en gaan doen wat iemand sou doen wat God liefhet. Om waarlik lief te hê is een van die grootste voorregte in die wêreld, maar iemand wat verbind is om God lief te hê, vind gou uit dat hy of sy verantwoordelikhede het. Elke keer as Petrus antwoord "Ja, Here U weet dat ek U liefhet" antwoord Jesus "As jy my liefhet – gee jou lewe om 'n herder te wees vir die skape en lammers van My kudde" Liefde vir Jesus

bring vir Petrus die grootste verantwoordelikheid waaraan 'n mens kan dink. Jesus vra van Petrus om 'n "goeie herder" te wees soos Hyself is. **(Joh 10:14-15)** Om lief te hê bring natuurlik verantwoordelikheid.

Die enigste manier om te bewys dat jy vir Jesus liefhet, is om ander mense lief te hê. Daar bestaan nie so iets soos iemand wat God liefhet en nie 'n taak het om te vervul hier op aarde nie. 'n Verbintenis om God lief te hê is die begin van jou taak wat God vir jou het hier waar jy leef. Ons sê so maklik, "Ek is lief vir die Here...", maar ons gebruik verskonings soos, "Ek kan dit nie nou doen nie, want ek wil my nie verbind tot iets wat ek nie voluit kan doen nie." Dis bloot nie waar nie, as ek "ja Here" op Jesus se liefde antwoord, kan ek nie sê, "Ek doen nie skape oppas nie". Skape oppas is die manier om jou verantwoordelikheid na te kom - om vir God lief te wees. Ek weet nie wat is God se taak vir jou nie, maar ek weet dat as jy jou tot God verbind is daar 'n taak en mense waartoe jy jou noodwendig ook met hart en siel verbind. Want dis God se wêreld, God se stad en God se mense.

Filemon vers 4-7 Elke keer as ek bid, dink ek aan jou en dank ek my God omdat ek hoor **van die liefde** en trou **wat jy aan die Here Jesus en al die gelowiges bewys**. My bede is dat die gemeenskap wat jy deur die geloof met ons het, jou 'n dieper insig sal gee in **al die goeie dinge wat ons vir Christus kan doen**. Jou liefde het vir my groot vreugde en bemoediging gebring, omdat jy, broer, die harte van die gelowiges verkwik het. Daarom, al het ek in Christus die volste reg **om jou op jou plig te wys**, doen ek liever 'n beroep **op jou op grond van die liefde**. Filemon kon nie vir God kies en nie vir God se mense nie. 'n Keuse vir God sluit die verantwoordelikheid vir God se werk in. Paulus dank God vir die liefde wat Filemon aan Jesus bewys het. Hoe het Filemon dit gedoen? Jesus was nie meer op aarde nie? Hy het dit vir al die gelowiges gedoen en Paulus bid dat hy sal sien dat daar nog baie meer is wat Hy kan doen om aan Jesus liefde te bewys. Filemon se liefde vir Jesus het vir Paulus blydschap gebring, sy liefde vir Jesus het vir Paulus bemoedig en het die harte van gelowiges verkwik. Moenie jou tot liefde aan God verbind en dan "Nee!" sê vir die taak wat God vir jou het nie – dan bewys jy wat Petrus vir Jesus bewys het toe die haan gekraai het.

Luister mooi want die vraag of jy vir Jesus baie liefhet behels baie meer as net 'n mooi vroom antwoord.

3) Om lief te hê kos duur!

Petrus verbind hom om Jesus lief te hê, nie een keer nie, maar drie keer. Hierdie verbintenis sou uiteindelik vir hom 'n kruis besorg. Liefde vir God behels nie net 'n verantwoordelikheid nie, maar ook 'n offer. **Rom 12 :1** *En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdienst wat julle moet beoefen.* Petrus het dalk die grootste offer gebring vir sy liefde vir Jesus – hy het sy lewe aan 'n kruis gegee soos Jesus sy lewe vir hom gegee het. Wanneer jy jou verbind tot liefde vir Jesus verbind jy jou op grond van Sy offer vir jou en dan is geen offer te groot nie. “*Wat Hy ook al van my vra – dit sal my liefde doen.*” Ek is bevrees dat ons liefde vir die Here baie keer die toets dop as ons voor die offer staan wat ons moet bring. Abraham leer eers dat God waarlik voorsien toe hy gereed is om sy seun te offer. Wat is die offer wat jy moet bring? 'n Offer is dit waarvan jy nie maklik afskeid neem nie. Verstaan jy waarom ek gesê het dat jy nie dadelik moes antwoord nie. As jy die verantwoordelikheid en die koste in berekening bring, wil jy jou nie opnuut of vir die eerste keer verbind om lief te hê nie? Wil jy nie vanoggend antwoord op Jesus se vraag aan Petrus nie? Het jy Jesus baie lief? (Geleentheid vir stilgebed.) Laat God se skape wei? Aanvaar jou taak, en moenie jou offer vrees nie, want selfs Petrus se dood het Jesus, vir wie hy baie lief was, verheerlik. Amen.